Nuusbrief van die Houtwerkvereniging van Pretoria

Tambotie

Newsletter of the Woodworking Association of Pretoria

November 1999 November

## Changing Times

Well chaps, this will be the last issue of Tambotie for this year, and for that matter this century and this millennium - I guess that we should consider ourselves fortunate in that we will be witnessing the turn of the millennium.

Looking back one could argue that man achieved more in this century than any before it. He has walked on the moon; the Shuttle programme has brought space-travel to our doorstep; communications have been revolutionized by the TV, cellphone, internet and supersonic aircraft; CD's have had a major impact on the music industry, etc, etc. All for the good one could say.

On the negative side we have experienced two World Wars and countless smaller military confrontations. Despite all his knowledge and technical know-how man has not yet been able to find a cure for CA and Aids. But worst of all is, that in 2000 years, mankind has still not grasped the true meaning of brotherly love. Nothing to brag about here.

Fortunately we, as a fraternity of woodworkers, can sit back and count our blessings. Although the basic woodworking joints and techniques have remained unchanged through time, craftsman have refined their techniques and developed new ways to apply them.

This was made possible by the spectacular improvement and development of woodworking machines and power tools – thanks in no small measure to the growth of the DIY market. The last twenty years have seen a phenomenal growth and interest in woodworking. It is no longer the exclusive realm of the artisan or journeyman.

But, is was the advent of the router that has had the most marked influence on woodworking and woodworkers. Coupled with modern glues and finishes, and improved hardware, we have been given more scope and freedom of action in shaping and working with wood.

One cannot help but reflect on what new innovations or developments will see the light in the new millennium. Laser-cutters are being used in the industry. Maybe laser cutting band and table saws will become part of the amateurs workshop.

My only fear is that technology will develop to such an extent that basic hand skills will become extinct. This is to horrible to contemplate any further.

Our next issue will hopefully see the light in January 2000. In the mean time keep on enjoying it.

## Vorige Byeenkoms

(Inset deur Louw Trichardt)

Dit is gehou by Eldoraigne Hoërskool en die tema was basiese draaiwerk. Voor die demonstrasie begin het, het die Voorsitter weer 'n beroep op almal gedoen om tog maar die projekte af te stof en te bring vir die uitstalling. Theo het ook gepraat oor die beoordeling en genoem dat ons moontlik moet kyk na restourasie as 'n kategorie vir die uitstalling.

Hierna het At Smit eers 'n basiese inleiding tot draaiwerk gegee. Wat veral van belang was, dat skerp gereedskap 'n moet is en gevolglik dat 'n ordentlike slypvermoe 'n vereiste is. 'n Stewige draaibank is die volgende vereiste waaraan aandag gegee moet word om goeie draaiwerk te kan bemeester. At het 'n goeie en praktiese bespreking gelei rondom die verskillende beitels en die slyp daarvan.

Jan van Oudsthoorn het hierna 'n goeie demonstrasie gegee van die beginsels van bak draai. Dit het ook duidelik geblyk (en so goed gedemonstreer) dat jy nie supawood as 'n "jam chuck" moet gebruik nie – Jan se bak het netjies afgekom toe die supawood losgeskeur het. Terwyl hy 'n nuwe plan beraam het, het At die basiese tegnieke van spildraaiwerk gedemonstreer. Die demonstrasie is deur David Malan afgesluit toe hy gewys het hoe om vanaf 'n stomp tot 'n ronde voorwerp te vorder. Hy het ook gewys hoe om van 'n vierkantige stuk hout tot 'n tafelpoot te vorder. Verduideliking van rondings, holtes, trappe en 'n pommel is gegee.(Die vertalings is my eie vertaalpoging van bead, cove, fillet en pommel).

Dit was 'n goeie aand. Dit het beslis mense wat nog nie gedraai het nie lus gemaak daarvoor en die ou draaiers stof tot nadenke gegee.

Baie dankie aan At en sy medewerkers.

# Volgende Vergadering

Let asseblief daarop dat die volgende byeenkoms op **Vrydag 26 November** plaasvind. Dit is ons **jaar afsluitingsfunksie** en word weer in die rustigheid van Okkie Swanepoel se plot/plaas aangebied (Roetekaart aangeheg).

Dit is 'n bring en braai – die Vereniging sal bier, wyn, pap en slaai voorsien. Bring maar gerus 'n opvoutafel, sitding en sonsambreel saam asook braaigereedskap en eetgerei.

Die van julle wat verlede jaar bygewoon het sal weet dat dit 'n baie rustige en gesellige aand was. Ons vertrou dat ons vanjaar ook weer 'n goeie opkoms sal kry.

Verrigtinge begin so 18H00.

## Draaiersgroep

Die vergadering van 12 Okt is weereens by At Smit se huis gehou en is goed bygewoon. Die meeste lede het hulle kelkies saamgebring, met gemengde sukses. Die individuele pogings is bespreek en raad is onder mekaar uitgedeel.

Daar is besluit dat die projek vir hierdie maand weer 'n skepding sal wees omdie verskillende draaitegnieke te oefen. Die datum is 9 November by Eldoraigne Hoërskool.

## Hout vir Draaiers

**Zero Boomslopings** is 'n firma wat bome in die Pretoria omgewing sloop. Persone wat belangstel kan hulle kontak en besonderhede laat van spesifieke lengtes of snitte wat hulle verlang. Die kontakpersone is:

**Ernst Grobbelaar–0836564992**

**Chris Esterhuizen-0828930760**

Hulle het 'n verskeidenheid soorte waaronder Jakaranda.

# Die Einde van 'n Era

## 'n Terugblik

Synde die laaste uitgawe van hierdie eeu het ek dit goedgedink om so 'n bietjie terug te gaan na die eerste uitgawe van Tambotie.

Aanvanklik is dit kwartaalliks uitgegee en die eerste uitgawe het in April 1989 die lig gesien. Nico Scholtz was die eerste redakteur, maar 'n spannetjie het saamgewerk om die uitgawes saam te stel.

Bo, links van die naam Tambotie, was daar 'n blokkie met 'n groot vraagteken in. Op daardie stadium het die Vereniging nog nie oor die huidige kenteken beskik nie en is daar dan ook in die uitgawe voorstelle gevra. As ek reg onthou het oom Louis van der Merwe se seun die bestaande kenteken ontwerp.

The first issue consisted of 15 pages filled with various interesting bits and pieces. In the**Diary of Events** column, Don Moody was scheduled for a turning demo on the new Coronet lathe. Our old friend, Kobus de Wijn, demonstrated the radial arm saw on 13 April and introduced the router at the meeting of 12 July

The issue included a very informative article(Part 1) on hand veneering by Richard Henley, a professional woodworker from the Broederstroom area.

In the **Events** column Willie Marneweck reported on a talk given by a mr Michael Cobb of H Cobb & Sons, on veneering in general, the methods used for cutting veneer and the types of glue used in the industry to lay veneers. Their premises were given as 27 Border Road, Droste Park. Thirteen members attended this meeting at the old Hardware Centre in Pretorius Street.

Ernest Carte was the first member to send in a *Letter to the Editor* in which he commented on the radial arm and turning demonstrations saying that they "were facinating and instructive"

Daar was 'n advertensie vir die aankoop van inheemse hout. Kyk net na van die pryse (per kub meter):

| | |
|---|---|
| Stinkhout 25 –120mm | R7875 |
| Witels 25-50mm | R2625 |
| Swarthout | R1775 |
| Witpeer en Boekenhout | R1400 |
| Geelhout | R2100 |

'n Naamlys van die bestaande lede op daardie stadium (47) is ook ingesluit. Baie van hulle, soos Marius de Beer, Johan du Toit, Willie Marneweck, Don Moody, John Snyman, Kobus van Zijl en oom Louis van der Merwe is vandag nog lede.

Also included in this issue was an article by Louis Van der Merwe, originally written for and published in Practical Woodworking, on his restoration of the Throne of the First Bishop of Pretoria, Bishop Henry Brougham Bousfield. He was consecrated in October 1878 and presented with a choir stall and the throne by the Deans and Canons of the Cathedrals of Winchester and Ely. A remarkable article on a remarkable piece of restoration by a remarkable person.

Well, that's it for this month folks.

**May I take this opportunity of wishing you and your families a wonderful NEW year and may you experience the true message of Christmas.**

# Nuwe Lede

Baie welkom aan die volgende nuwe lede en ons vertrou dat julle lidmaatskap tot wedersydse voordeel sal wees.

**George Angus** van Rietfontein 108, Distrik Bronkhorstspruit. George stel belang in draaiwerk en meubelmaak.(011) (964-1918).

Van dieselfde adres is daar **Wills Angus**, dis nou George se pa. Sy belangstelling is draaiwerk.

Algemene houtwerk en restourasie is **Jan Meyer** se belangstelling. Jan woon in Cunninghamlaan 1328, Waverley. (332-2527).

'n Administratiewe glipsie het veroorsaak dat ons nie reeds in September vir **Cobus Champion** welkom geheet het nie. Verskoning daarvoor. Cobus doen draaiwerk en woon in Pickardstraat 4, Annlin. (567-

## External Shapes and Tools




## Centerwork Speeds

| Diameters | Lengths 6 in. (150mm) | 12 in. (305mm) | 18 in. (460mm) | 24 in. (610mm) | 36 in. (915mm) | 48 in. (1220mm) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ½ in. (13mm) | 3000 | 2500 | 1250 | 900 | 700 | 700 |
| 2 in. (50mm) | 2500 | 2500 | 1750 | 1250 | 700 | 700 |
| 3 in. (75mm) | 1750 | 1250 | 1250 | 900 | 700 | 700 |
| 4 in. (100mm) | 1250 | 900 | 700 | 700 | 700 | 700 |
| 5 in. (125mm) | 1250 | 900 | 700 | 700 | 700 | 700 |
| 6 in. (150mm) | 900 | 700 | 700 | 700 | 700 | 700 |

**Note:** ***The figures in the chart above are expressed in rpm.***

# JAAREINDFUNKSIE : 26 NOV 99

[redacted]

Ockert Swanepoel
(012)-8020643

